

Gereformeerde Kerk Bellville – 25 Oktober 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 46:1, 6 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwinkel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.
- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy daed bly, / die werke van sy hande.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 143:1, 2 (p. 688)

- 1 O HEER, ek roep, hoor my gebede. / Daar is in my geen stilte of vrede!
Ek smeek tot U, o hoor my nou! / Ek pleit op u geregtighede,
en ek verlaat my op u trou.
- 2 Ag, reken met u kneg nie af nie, / en wil my na u wet nie straf nie;
want niemand wat voor U bestaan, / kan pleit- of regsgrond ooit verskaf nie,
dat hy u vonnis sou ontgaan.

Gebed

Psalm 119:4, 6 (p. 586)

- 4 Hoe sal in sy jeug die jong'ling, / gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë?... / As hy wandel in u spoor!
U soek ek van ganser harte / HEER, hou U my hande vas,
dat ek van u spoor nie dwaal nie / en die kwaad my nie verras.
- 6 In u wet smaak ek 'n vreugde / groter as waar hy van weet
wat sy goed en aardse skatte / in hul waarde nie kan meet.
Daarmee bly ek altyd besig, / daar't my soetste oorpeinsing is;
mag maar niks die bron van vreugde / ooit uit my gedagte wis.

Skriflesing: Romeine 12:1-21

Kernverse: Romeine 12:1-2

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. (Romeine 12:1-2 AFR53)

Tema: Hervorming gaan steeds voort in elke kind van God

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vir baie mense is die Hervorming wat ons op die laaste Sondag van Oktober herdenk iets wat so ver terug in die verlede lê dat hulle sommer vra: Wat het ons te doen met wat vier, vyfhonderd jaar gelede gebeur het? Die Hervorming is geskiedenis, vervelige geskiedenis. En dan voeg hulle daaraan toe: Ons moenie so konsentreer op die verskille tussen die gereformeerde kerke en die Roomse Kerk nie. Ons moet eerder vasstel wat ons met die Roomse Kerk deel en dit uitbou sodat alle Christene 'n verenigde front teen die bose kan wees.

Die doel van Hervormingsdag is egter nie om die geskiedenis soos 'n preek aan die kerk voor te hou nie. Trouens, die Hervorming is inderdaad nie maar net blote geskiedenis nie. Ons gereformeerdes is daarvan oortuig dat die Here ons God die Hervorming beskik het. Deur sy getroue diensknegte – nog lank voor Luther en Calvyn – het die Here die kerk al voorberei vir die Hervorming. Hy wil sy kerk reinig van allerhande mensgemaakte wette en reëls deur hulle weer by die Bybel, die bron van alle wysheid, terug te bring. In die Bybel leer die Heilige Gees ons immers hoe sy kerk moet lewe, hoe die kerk regeer moet word en hoe sy kerk gevoed en versterk moet word vir die ewige lewe. Die Hervorming is dus 'n terugkeer na die waarheid van God soos Hy dit vir ons in sy Woord gegee het. En dit het ingesluit dat hierdie ewige waarheid van God op 'n helder en verstaanbare wyse aan alle gelowiges in hulle eie taal verkondig moet word.

Wanneer ons dus die Hervorming herdenk, doen ons dit met dankbaarheid teenoor God. Dit is immers te danke aan God se wil dat ons vandag nog die Bybel in ons eie taal kan hê, dat ons preke kan hoor en verstaan omdat dit God se wil op 'n eenvoudige manier aan ons verklaar. Dit is ook te danke aan God se wil met die Hervorming dat ons gereformeerdes steeds erns maak om alles wat ons as kerk doen en wil doen eers noukeurig aan die Woord van die Here te toets om agter te kom of ons dade en begeertes met God se wil ooreenstem of nie.

Hieruit kan ons dus aflei dat die Hervorming nie maar net iets is wat tot die vervelige geskiedenis behoort nie. Die Hervorming is inderdaad God se geskiedenis met sy kerk. Daarom het dit steeds 'n invloed op die wyse waarop ons gereformeerdes kerk is. Vanoggend wys die Heilige Gees vir ons daarop dat die Hervorming nie net invloed op ons georganiseerde kerkwees het nie. Die Hervorming waarmee die Here in sy kerk besig is, het invloed op die hele lewe van elke ware gelowige. Ons is immers nie net kerk wanneer ons hier op 'n Sondagoggend bymekaar is om die Here te ontmoet nie. Ons is oral en altyd kerk van die Here. Christus het ons immers vir altyd kinders van God gemaak en nie net vir sekere tye en party plekke nie.

Ongelukkig leef baie gelowiges vandag nog in twee wêreldes – 'n Sondagwêreld, waarin die Bybel en die kerk my gedrag bepaal, en 'n weeksdagwêreld, waarin lewensomstandighede en my ideale my gedrag bepaal. Ons weet tog dat ons nie kerk en wêreld so van mekaar

kan en mag skei nie. Ons wat vanoggend hier bymekaar is om die Here te ontmoet, is mos dieselfde mense wat gister saam met vriende gekuier het en môre weer gaan werk en skool toe gaan. Omdat God ons vrygespreek het van al ons sondeskuld het dit 'n besliste invloed ook op ons lewe van Maandag tot Saterdag.

In hierdie eerste twee verse van Romeine 12 stel die Heilige Gees vir ons die algemene beginsels vir ons lewenspraktyk as kinders van God. Die feit dat ons vrygespreek is deur God beteken dat ons nou in 'n nuwe verhouding met God lewe. Hierdie nuwe verhouding beteken egter nie net dat 'n mens nou, anders as toe 'n mens nie die Here geken het nie, Bybel lees en bid en eredienste bywoon nie. Die nuwe verhouding met God word ook gesien in 'n mens se lewe teenoor alle ander mense. Jou dade en woorde in hierdie wêreld moet wys dat God Homself met jou versoen het en dat jy nou in 'n herstelde verhouding met Hom lewe.

Om hierdie algemene beginsels vir 'n Christelike lewenspraktyk te kan toepas gaan ons op vier verskillende sake let soos dit in ons kernverse na vore kom. Die eerste saak waarop ons gaan let is die motivering om ons hele lewe anders te lei as wat ons dit van nature sal wil doen. Wat Paulus vir ons hier neergeskryf het, is nie maar net 'n versoek nie. Paulus smeek ons nie en vra nie mooi asseblief nie. Nee, die Here beveel ons om te doen en te praat soos mense wat deur Christus verlos is. Hier staan geskryf: **Ek vermaan julle**. En as die Here ons beveel of vermaan om iets te doen, het Hy ons reeds in staat gestel om dit te kan doen. Daarom gebruik die Heilige Gees God se optrede teenoor ons as die motivering waarom ons in ons hele lewe anders gaan optree as mense wat die Here nie ken nie.

As jy in elke opsig van jou lewe net aan God gehoorsaam wil lewe, moet 'n mens nou al vir seker weet dat jy dit nie sonder teenkanting gaan regkry nie. Al jou vriende en maats gaan nie altyd tevrede wees as jy nie saam met hulle na al hulle partytjies toe wil gaan nie. Mense saam met wie jy besigheid doen, sal nie altyd tevrede wees as jy 'n billike prys vir jou produkte vra nie. Jou skoolmaats sal jou selfs spot en uitlag dat jy 'n mamma-kindjie is omdat jy nie saam met hulle teen die onderwysers in opstand kom en hulle dissipline wil omvergooi nie. Jou vriendinne sal jou begin uitlag omdat jou klere vir hulle outyds lyk en nie so waaghalsig en ontblotend soos hulle s'n is nie.

'n Mens gaan teenkanting kry omdat jy gehoorsaam aan God alleen wil lewe. Daarom moet jy nou weet wat jou motivering is om altyd en oral Christelik te lewe. Daar is vir die gelowige net een rede hoekom hy en sy gehoorsaam aan God lewe – **die ontferminge van God**. Omdat die almagtige en heilige God Hom oor jou ontferm het, omdat Hy sy eie Seun vir jou lewe aan die kruisdood prysgegee het, omdat Christus jou so liefhet dat Hy sy lewe vir jou afgelê het, daarom wil jy ten alle koste gehoorsaam aan God lewe. Al beteken dit dat jy nie by alle mense gewild en in sal wees nie. Ja, al beteken dit ook dat jy teen jou eie geaardheid en begeerte optree, bly jy gehoorsaam aan God, want Hy het teenoor jou groot ontferming bewys.

Noudat ons weet wat ons motivering is om oral en altyd gehoorsaam aan God te lewe, hoor ons verder wat dit beteken om oral en altyd aan God gehoorsaam te wees. Die vermaning in vers 1 sê wat die inhoud van 'n Christelike lewe is:

dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. (Romeine 12:1b AFR53)

Jesus Christus het ons met sy kruisoffer van al ons sondes kom verlos. Deur sy opstanding uit die dood het ons kinders van God geword. Alhoewel die verlossing van God se kinders die kernrede was vir Jesus se koms na hierdie wêreld, is daar ook meer aan

Jesus se lewe op aarde vir ons. Met sy hele lewe leer Hy ons wat beteken dit om God regtig te dien. Jesus, die Seun van God, het Homself verneder deur 'n mens te word. Hy het Homself van sy menswaardigheid laat stroop toe Hy soos 'n misdadiger behandel is. En Jesus het dit nie gedoen om as 'n martelaar bekend te staan wat by sy standpunt bly al kos dit sy lewe nie. Hy het Homself geheel en al opgeoffer omdat Hy sy Vader voluit dien. Hy het die wesenlike van die godsdiens beoefen.

Die eintlike manier waarop ons God moet dien en waartoe die Here ons beveel, is om onself aan die Here te offer. Dit beteken opofferende liefde van ons kant. 'n Mens offer nie maar net 'n bietjie tyd op Sondag op of in die weeksaande om die Here te dien nie. 'n Mens offer nie die laaste skraapseltjie krag vir die Here op om Hom te dien nie. Ons moenie 'n ietsie vir die Here offer nie. Hy beveel ons om onself vir Hom te offer. Dit beteken dat 'n gelowige se hele lewe net aan die Here toegewy word, nie net sekere dele of sekere tye nie, maar altyd lewe die gelowige toegewy aan God alleen.

Die mens wat sy lewe so geheel en al aan die Here toewy, ja, hy wat bereid is om heeltemal in diens van God opgebruik te word, bring 'n lewende en 'n heilige offer vir God. Dit is 'n lewende offer, want jy offer jou lewe in diens aan die Here op. En dit is 'n heilige offer, want jy wy jou hele lewe net aan God toe. Jy wil net doen wat reg en goed is in sy oë en jy wil nie meer aan jou eie begeertes of aan jou lewensomstandighede toegee en doen wat verkeerd is in die Here se oë nie. So 'n offer is vir die Here aanneemlik. Hy hou daarvan, want so word Hy in alles gedien en geëer. Met so 'n lewe erken en bely die gelowige dat God alleen seggenskap oor sy en haar lewe het, want Christus het hierdie mens vir God gekoop met sy bloed.

Nou kom die vraag egter by 'n mens op: Hoe kom 'n mens daartoe om jouself geheel aan God te gee as 'n lewende en 'n heilige offer? Uit wat tot dusver al gesê is, is dit duidelik dat 'n mens wat sy hele lewe aan God toewy, nie meer kan maak soos hy en alle ander mense wil nie. Jy sal ook nie meer kan doen wat jou natuurlike geaardheid vir jou voorskryf nie. Maar nog steeds wil ons weet hoe ons dit gaan regkry.

Die Heilige Gees sê vir ons in die eerste deel van vers 2 hoe:

... word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, ... (Romeine 12:2a AFR53)

Ons mense is geneig om te dink dat wat die sondige wêreld aan ons opdis nuut en opwindend is. Maar dit is net 'n advertensiefoefie wat deur die sondige wêreld geloods word. Daar is niks in hierdie wêreld en niks wat die wêreld ons kan bied wat regtig nuut is nie. Om in opstand te kom teen die gesag van onderwysers is so oud soos die berge. Alle opstand teen gesag is in wese opstand teen God, en Adam en Eva het al in die paradys daarmee begin toe hulle besluit het om eerder na die slang as na die Here te luister. Om jouself te vergryp aan drank en dwelms is ou dinge. Salomo het al daarteen gewaarsku meer as drieduisend jaar gelede. Om skrapse klere te dra en jou liggaam so vir ander mense uit te stal, is so oud soos die mensdom self.

Broers, susters en kinders, dit wat die sondige wêreld aan mense voorhou as nuut, is inderwaarheid oud en vol plooië. In sy poging om mense tot 'n val te bring en gelyk aan die ongelowiges te maak, word die plooië en krake van die ou dinge net toegepleister met mooi en uitlokkende woorde. En sodra 'n mens aan die sondige wêreld gelyk geword het, word jy soos 'n uitgesuigde lemoen eenkant neergegooi, en niemand gee meer om vir jou nie. Jy staan nie meer uit nie, want jy lyk soos al die ander mense en maak soos al die ander mense.

Wat regtig nuut en verfrissend vars is, is dit wat die Here uit sy genade aan die mens gee en met die mens maak. En die enigste manier wat 'n mens van hierdie ou dinge soos selfsug, eersug en liefdeloosheid ontslae kan raak, is wanneer God 'n mens verander deur 'n mens se denke te vernuwe. Die woord wat ons met *verander* vertaal, is ook die woord waarvan ons woord *metamorfose* vandaan kom. 'n Metamorfose is 'n totale gedaanteverwisseling soos wat met 'n larwe in 'n kokon gebeur totdat dit uiteindelik 'n pragtige skoelapper is. Wanneer God 'n mens verander, vind daar 'n gedaanteverwisseling plaas. Van 'n ou mens wat outomaties en aanhoudend doen en sê wat verkeerd is in die oë van God, verander die Here 'n mens in 'n nuwe mens. En Hy begin dit van binne af doen. Hy vernuwe jou denke.

Met die Bybel vernuwe die Here 'n mens se denke. Deur die Bybel bring Hy jou tot reg voor sy opofferende liefde. Deur die werking van die Heilige Gees sien jy dat jy jou hele lewe aan sy opofferende liefde te danke het. En hoe meer die Here ons met sy Woord en Gees nuut laat dink, begin 'n mens onderskei wat God se wil is en wat jou eie wil is. Hierdie nuwe vermoë wat die Heilige Gees 'n mens aanleer, maak dat 'n gelowige nie sommer maar net doen wat hy wil nie, maar eers vra na God se wil, en dit is 'n bewys dat Hy jou denke nuut gemaak het.

Eers wanneer 'n mens so nuut gemaak word, begin jy anders dink, nuut dink. Meer en meer vra jy jouself af: Hoe kan ek my lewe nog meer op God se liefde bou? Jy begin nuut dink oor gebed, oor jou deelname aan eredienste en Bybelstudie. Jy begin anders dink oor jou verhoudings met ander mense en jou roeping in die kerk en in die lewe. En dit is nie iets wat maar een maal gebeur en dan is dit afgehandel nie. Hierdie vernuwende werk hou aan en aan so lank as wat ons in hierdie lewe is. Dit is die voortdurende hervorming waarmee elke gelowige steeds besig bly.

Die uiteinde van hierdie hervorming is om te **kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is**. God is heilig en daarom is net die volmaakte vir Hom goed genoeg. Ons toegewyde lewe aan God kan daarom nie maar net uit 'n paar oppervlakkige veranderinkies bestaan nie. Ware hervorming is 'n verandering van die hart om te weet wat God se wil is en dit ook te doen.

Is die volmaakte, dit wat by God aanneemlik is, moontlik? Ja, maar net op een manier – deur die geloof dat Christus vir al ons onvolmaaktheid gesterf het. Daarom streef ek en jy dan nou met alle mag na wat ons weet vir God goed en aanneemlik is. Wat in ons werke nog ontbreek, is aangevul deur dit wat Christus vir ons gedoen het. So word ons nuwe, hervormde lewe in die bloed van Christus geheilig.

Die Hervorming wat ons vandag herdenk, gaan dus steeds voort in elke kind van God. Ons keer steeds meer en meer terug na die Woord van die Here sodat die Heilige Gees ons denke met die Woord kan vernuwe, want ons wil onself op grond van God se ontferming as lewende en heilige offers aan Hom gee. So kom ons uiteindelik daartoe om te weet wat vir God goed en aanneemlik en volmaak is.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 50:7, 11 (p. 255)

7 “Kom, offer Gode dank en prys! / Geloftes aan die HEER gedaan,
betaal dit Hom met eerbewys! / En roep in tyd van nood My aan.
Ek sal jou uithelp, sê die HEER; / en dankbaar-bly sal jy My eer.”

- 11 “Hy wat sy dank My offer met / ’n hart gestem tot lof en prys,
wat op sy weg en wandel let – / hý is dit wat My eer bewys.
En, daar hy op my guns vertrou, / sal hy met vreug my heil aanskou.”

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 122:1 (p. 610)

- 1 Ek was verheug toe die geluid / weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan, / om na die HEER se huis te gaan!
O heil’ge stad, gelukkige oord, / ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme / op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou / en glinster in die son se vlamme.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
25 Oktober 2015